

## Sing vooraf staande: Psalm 84:1 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer  
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan  
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.  
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 47:1, 3 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,  
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 1 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:  
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid  
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om versoening met  
Psalm 38:1, 2, 17 (p. 189)*

Wet

## Psalm 38:1, 2, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.  
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 2 In my dring u strafgerigte, / HEER, soos skigte / wat my hart deurboor soos staal.  
Ja, die hand wat hul gedryf het / in my lyf, het / self ook op my neergedaal.
- 17 Wil my, Heer, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!  
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

*Vergifnis:*

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

## Psalm 32:4 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,  
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.  
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,  
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Skriflesing: Deuteronomium 30

Teks: Deuteronomium 30:10

**. . . as jy na die stem van die HERE jou God luister om sy geboorte en sy insettinge te hou wat in hierdie wetboek geskrywe is; as jy jou tot die HERE jou God bekeer met jou hele hart en met jou hele siel. (Deuteronomium 30:10 AFR1953)**

In hierdie gedeelte is daar drie dinge van belang:

- Die Here ken ons presies. Hy weet presies wat ons in die lewe gaan aanvang, en daarom waarsku Hy ons al voor die tyd dat ons moet oppas om nie op die verkeerde pad te beland nie. Sonde en verset teen die Here lei tot verwerping deur die Here.
- Die Here bemoedig ons ook in hierdie gedeelte. Hy belowe dat wanneer ons tot bekering kom, Hy ons nie sal verwerp nie. Hy sal ons terug ontvang in sy genade.
- Die derde ding is dat hierdie gedeelte ook 'n baie ver profesie is van die kerk in die hiernamaals waar alle bande tussen die gereddes en die Here herstel en volmaak sal wees.

Wat hierdie gedeelte interessant maak, is dat die volk nog op pad was na Kanaän toe.

- In daardie tyd het die Here al in hierdie gedeelte die wegvoering in ballingskap as gevolg van die volk se verset teen Hom geopenbaar.
- So ver waarsku die Here ons vooruit!

Die Here wil hê dat sy kerkvolk (Israel en ons) moet weet dat sonde tot verwerping lei.

- In Israel se geval gaan verwerping beteken dat hulle onder die volke verstrooi gaan word.
- Maar dit is nie die einde nie. Die Here wil nie sy straf beklemtoon nie – Hy wil sy genade oor ons beklemtoon.

Om in die Here se genade te kan bly, is daaglikse bekering en gehoorsaamheid aan al die dinge wat vir die Here belangrik is, noodsaaklik.

- Van die begin af het die Here een ding baie duidelik gestel:
  - Dit is dat daar net een enkele God is in die hemel en op die aarde, en dit is Hy.
  - Hy duld dit nie dat enige ander god of afgod aanbid word nie.
- Die Here het dit ook baie duidelik gemaak dat Hy sy genade oor ons baie duursaam sal maak, maar dan stel Hy 'n voorwaarde – dat dit net met ons nageslagte goed sal gaan as ons die Here aanbid (Deuteronomium 4:29-31).

In die gedeelte wat ons gelees het, profeteer die Here dat dit iewers in die geskiedenis nie met die nageslag goed sal gaan nie as gevolg van oortreding van hierdie uitdruklike gebod van die Here.

- Dit moet vir ons 'n duidelike en skerp waarskuwing wees!

Gelukkig is dit nie al wat die Here vir ons uitspel nie.

- Hy weet reeds dat die ware gelowiges tot berou en belydenis van hulle sondes sal kom. Die Here het byna woordeliks dieselfde in Levitikus 26:40-41 laat neerskryf:

**Dan sal hulle hul ongeregtigheid bely en die ongeregtigheid van hulle vaders deurdadig hulle ontrou teen my gehandel het; en ook dat hulle hul teen My versit het, sodat Ek My ook teen hulle versit het en hulle in die land van hulle vyande moes bring; of, as hulle onbesnede hart hom dan verneder en hulle dan boet vir hul ongeregtigheid, (Levitikus 26:40-41 AFR1953)**

Besef u hoe hartseer dit moet wees as ons kinders eendag voor die Here gaan bely dat hulle jammer is omdat hulle nie reg geglo het nie, want dit was hulle ouers se skuld!

- Hulle bely dan met berou ons oortredinge waardeur hulle tot 'n val gekom het voor die Here.
- Dit is wat hier geskryf staan.

- Die hoofsaak is dat die Here openbaar dat hulle tot bekering moet kom en dat die Here hulle weer sal aanneem as hulle hulle bekeer.
- Die Here sal selfs hulle volk en hulle land herstel.
- Hy sal hulle weer seën.

Wat vir ons van belang is, is dat ons moet beseef dat die Here openbaar dat niemand verlossing ontvang as hy nie tot bekering kom nie.

- Bekering self is natuurlik 'n gawe van die verbond.
- Ons sal in ons tyd ook die pad van bekering en belydenis voor die Here moet loop as ons die liefde van God oor ons wil hê (Jeremia 31:33).

U kan dalk wonder of ons hierdie dinge wat soveel eeue terug vir Israel gesê is, net so op ons kan toepas.

- Ja, dit het direk op ons betrekking.
- Die heilsbeloftes is wel op die volk Israel gerig, maar die belofte is ten diepste gerig aan die kerk, want die kerk van die Here is die erfgenaam van die Here se verlossingsbeloftes.

Dit word veral duidelik as ons die geskiedenis van hierdie profesie nagaan.

- Die vervulling van hierdie en ander soortgelyke profesieë het almal met die terugkeer uit die Ballingskap begin maar is nie daarmee voltooi nie omdat dit veel verder gerig was as net Israel se terugkoms van Babel af.
- Dit was in die verste gerig op die wederkoms en die vervolmaking van die heilige algemene kerk van die Here as hulle ingaan in sy ewige koninkryk.

*Daarom was die seën wat oor Israel gekom het – en ook vandag nog oor ons kom – net in 'n beperkte mate. Die werklike seën en sy volheid kom eers met die wederkoms.*

Die Here grond sy beloftes op die verbond wat Hy met ons gesluit het.

- Die eerste verbond is met Abraham ingestel.
- Op daardie stadium het die Here die besnydenis as teken van die verbond ingestel.
- Dit was nog so toe Moses hierdie profesieë waarvan ons gelees het aan die volk oorgedra het.

Die Here sluit daarby aan as Hy sê dat Hy self hulle hart sal besny sodat hulle Hom kan liefhê.

- Besnydenis van hart beteken die wegdoen van alle dinge wat verkeerd is.
- Daarmee bevestig die Here dat Hy sy verbond met sy volk nooit sal ophef nie.

Dinge wat verkeerd is, is dinge soos sondes en 'n afkerige gesindheid teenoor die Here.

- Daarteenoor word die vrug van 'n mens wat aan sy hart besny is, genoem: hy het die Here lief met sy hele hart en sy hele siel.

Selfs die besnydenis van hart is in hierdie bedeling net ten dele.

- Soos al die ander beloftes van uiterlike seën, word hierdie belofte ook eers finaal vervul met die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde.
- Dit kom ook oor ons tot volkomenheid in die hiernamaals.

Vernuwing van hart as 'n genadegawe van die Here word in die profesieë meermale herhaal (Jeremia 31:33; Jeremia 32:39; Esegieël 11:19; Esegieël 36:26).

- Vernuwing, of besnydenis van hart, gaan saam met bekering.
- Dit is niks anders nie as voortgaande bekering – voortdurende vernuwing.

Presies hier lê ons verantwoordelikheid.

- Ons moet dag vir dag biddend en met berou veg teen ons sondes.
- Dan sal die Heilige Gees ons daaglik sterker maak en ons elke dag meer en meer vernuut in ons beeldskap van die Here.

Moses se volk het vasgesteek teen hierdie bevel om die Here van geslag tot geslag met hart en siel te dien.

- Daarom het hulle nasate baie keer by die Here in die moeilikheid gekom omdat hulle hulle teen Hom verset het.

Intussen het daar iets gebeur wat vir ons deurslaggewend is.

- God het mens geword en het onder ons kom woon.
- Die Here Jesus Christus het die belofte dat die Here self ons harte sal besny waar gemaak, want Hy het ons sondes met God versoen toe Hy gesterf het.
- Daarmee het Hy dit vir ons moontlik gemaak om die Here met hart en siel en verstand te kan dien sonder dat ons die las van ons sondes het om die hele tyd saam te sleep.

Hy het ook die teken van die verbond verander.

- Hy het die besnydenis vervang met die doop.
- Die doop is die teken daarvan dat ons nie meer liggaamlik besny word nie, maar dat ons van harte besny is.
- Dit is die teken daarvan dat ons sondes afgewas is.

Die Here het by die Nagmaal ook duidelik gestel dat sy liggaam en bloed die tekens van die nuwe verbond tussen ons en Hom is.

- Dit is presies dieselfde verbond as waarna die Here in Deuteronomium verwys het.
- Die besnydenis van hart vind plaas in die vernuwing van die verbond deur die bloedstorting van Jesus Christus aan die kruis.
- Daar het Hy ons met God versoen en ons nuut gemaak uit die sondes uit in die heerlijkheid van kindwees van die Here in.

Kom ons pas dit alles toe.

- Dit beteken bloot dat ons teenoor die Here bevestig dat ons Hom nog steeds van harte dien.
- Dit beteken dat ons nog altyddeur tot bekering kom van al ons sondes.
- Dit beteken dat ons die Here daarmee verseker dat die sondes wat nog in ons vassteek, heeltemal teen ons sin daar is.

Kan ons dit eerlik bely?

- Ons het nie nie meer al die baie tyd wat Moses en sy kerkvolk gehad het om tot bekering te kom nie.
- Die raadsplan van God het al ver gevorder en daar is 'n groot dringendheid in dat ons tot bekering moet kom.

Bekering is onlosmaaklik vasgemaak aan berou.

- Ons moet hartseer wees oor ons verset teen die Here.
- Ons moet vurig wegbreek uit alles wat die Here nie aanstaan nie en Hom eer en verheerlik as die hoogste God en Heer.
- Ons moet met oorgawe as sy diensknegte voor Hom neerbuig in aanbidding.

Die vergesig wat die Here hier oopmaak, is dat sy uitverkorenes by Hom in sy heiligdom staan. Daar kom 'n tyd wanneer die Here almal wat tot bekering gekom het by Hom bymekaarmaak.

- Dit is hulle almal wat alle vorms van skyngodsdiens uit hulle lewens verwyder het.
- Dit is hulle wat berou gehad het oor elke sonde wat hulle gedoen het, en dit by die Here gaan bely het.
- Dit is hulle wat uiterlik ook elke ding gedoen het wat die Here van hulle verwag – wat die samekomste met die Here getrou bywoon, wat hulle dankbaarheid ook met hulle fisiese gawes aan die Here bewys, en wat op elke plek getuies is van sy Naam.

Broeders en susters, laat ons gewaarsku wees deur die Here self dat ons moet oppas om nie op die verkeerde pad te beland nie:

- Sonde en verset teen die Here lei tot verwerping deur die Here.
- In ons geval sal dit die ewige verwerping van die hel wees.

Luister veral na die bemoediging van die Here:

- Hy belowe dat wanneer ons tot bekering kom, Hy ons nie sal verwerp nie.
- Hy sal ons terugontvang in sy genade.

Sien uself in hierdie baie ver profesie van die kerk in die hiernamaals, waar alle bande tussen die gereddes en die Here herstel en volmaak sal wees, waar u tussen die gereddes by die Here ewige vergifnis ontvang. Lewe nou reeds daarin.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 12 September 2010